

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (NOORD-KAAPSE AFDELING)

KIMBERLEY

SAAK NO.: 701/05

DATUM AANGEHOOR: 19-06-2006

DATUM GELEWER: 08-09-2006

In die saak tussen:

MICHIEL HENDRIK VAN NIEKERK BESTER

Applikant

teen

NRB RISK SOLUTIONS BEPERK

Respondent

CORAM: C C WILLIAMS R:

UITSpraak

WILLIAMS R:

1. Die applikant nader die Hof om ter sydestelling van 'n verstekvonniss wat op 23 November 2004 deur hierdie Hof teen hom verleen is. Die aansoek vind nie sy basis in enige van die gronde soos uiteengesit in Hofreëls 42(1) of 31(2)b) nie maar steun op die uitgangspunt dat die vonnis ten volle nagekom is en die vonnisskuldeiser skriftelik daartoe toegestem het.
2. Die applikant het homself gedurende 2001 verbind as borg en medehoofskuldenaar van 'n beslote korporasie waarvan hy en sy vader die lede was. Die beslote korporasie is finaal

gelikwideer op 18 Februarie 2004. Daarna het die respondent dagvaarding uitgereik teen die applikant in sy hoedanigheid as borg en medehoofskuldenaar ten opsigte van drie huurooreenkomste aangegaan gedurende Maart, Mei en Oktober van 2001 wat 'n totale verskuldigheid daargestel het van R153 864,21.

3. Die dagvaarding is persoonlik op die applikant beteken maar na hy regsadvies ingewin het het hy besluit om nie verdediging aan te teken nie. Die applikant beweer dat die likwidasie van die beslote korporasie nie aan sy toedoen te wyte was nie, maar as gevolg daarvan dat sy vader, die ander lid, medies ongeskik verklaar is. Hy het egter besef dat hy as borg aanspreeklik was vir die skuld van die beslote korporasie en het gevolglik nie die aksie deur respondent ingestel verdedig nie.
4. Die applikant het, nadat 'n lasbrief tot uitwinning vir die verhaling van die vonnisbedrag deur die Balju op hom beteken is, met die respondent ooreengekom dat hy 'n bedrag van R145 000,00 in volle en finale vereffening van die vonnisskuld betaal. Hierdie bedrag is gedurende Augustus 2005 aan die respondent betaal.
5. Die probleem wat die applikant egter nou in die gesig staar is dat sy kredietwaardigheid, met die velening van die

verstekvonnis teen hom, tot niet is. Sy bankiers weier om kredietfasiliteite aan hom te verleen aangesien sy naam na die verstekvonnis op 'n swartlys van kredietburos verskyn. As sakeman het die gebrek aan kredietfasiliteite 'n negatiewe effek op sy besigheid en is die applikant dus begerig om, by wyse van spreke, sy naam skoon te kry. Dit blyk dan ook dat die enigste manier waarop 'n persoon in die applikant se posisie sy naam in ere herstel kan kry met die kredietburos is om die vonnis ter syde gestel te kry.

6. Mnr. Wessels wat namens die applikant in hierdie onbestrede aansoek optree hou twee redes voor waarom hierdie Hof 'n aansoek om tersydestelling op hierdie basis kan oorweeg. In die eerste plek voer hy aan dat die Hooggeregshof die bevoegdheid hom om die Hofreëls te verslap of aan te pas indien dit geregverdig is en tweedens, aan die hand van Landdroshofreël 49(5), dat dit haas ondenkbaar is dat die Landdroshof oor wyer bevoegdhede dan hierdie Hof beskik.
7. Voordat daar egter na die betoë geopper deur mnr. Wessels gekyk word moet daar eers ag geslaan word op die onderliggende doel met die tersydestelling van 'n verstekvonnis – dit is om die applikant/verweerder die geleentheid te gun om die aksie teen hom te verdedig. In terme van Hofreël 42(1) geld dit in gevalle waar vonnis

foutiewelik verleen is soos in omstandighede uiteengesit in die Reël. Gemeenregtelik word vereis dat die applikant vir tersydestelling goeie of voldoende gronde daarvoor kan aantoon. In terme van Reël 31(2)b) moet die aansoek om ter sydestelling binne 'n bepaalde tydperk gebring word (20 dae na die applikant van die vonnis kennis geneem het) en dan moet hy boonop goeie gronde vir ter sydestelling kan voorlê

8. Hier is natuurlik geen sprake daarvan dat hierdie aansoek in terme van die Hooggeregshofreëls gebring is nie – die applikant het inderdaad 'n ingeligte besluit geneem om nie die aksie te verdedig nie aangesien hy nie 'n verweer het nie. Die aansoek kan ook nie onder die gemene reg gebring word nie. Die gemeenregtelik vereiste “*goeie gronde*” word deur Jones Wnr AR in *Colyn v Tiger Food Industries LTD t/a Meadow Feed Mills (Cape) 2003(6) SA (SCA) te bl. 9C-F* soos volg uiteengesit.

^g(11) *I turn now to the relief under the common law. In order to succeed an applicant for rescission of a judgment taken against him by default must show good cause (De Wet and Others v Western Bank Ltd (supra)). The authorities emphasise that it is unwise to give a precise meaning to the term 'good cause'. As Smalberger J put it in HDS Construction (Pty) Ltd v Wait:*

^e*When dealing with words such as “good cause” and “sufficient cause” in other Rules and enactments the Appellate Division has refrained from attempting an exhaustive definition of their meaning in order not to abridge or fetter in any way the wide discretion implied by these words (Cairns’ Executors v Gaarn 1912 AD 181 at 186; Silber v Ozen Wholesalers (Pty) Ltd 1954(2) SA 345 (A) at 352-3). The Court’s discretion must be exercised after a proper consideration of all the relevant circumstances.’*

With that as the underlying approach the Courts generally expect an applicant to show good cause (a) by giving a reasonable explanation of his default; (b) by showing that his application is made bona fide; and (c) by showing that he has a

bone fide defence to the plaintiff's claim which prima facie has some prospect of success (*Grant v Plumbers (Pty) Ltd, HDS Construction (Pty) Ltd v Wait supra, Chetty v Law Society, Transvaal.*)”

(eie onderstreping)

9. Om terug te keer na die onderhawige saak en die betoë namens die applikant geopper. Wat hier gevra word is nie net bloot dat die Hof die applikant toegeeflik behandel en vergunnings verleen ten opsigte van die nie-nakoming van die Hofreëls in die normale gang nie, maar dat die Hof ‘n heel nuwe basis en prosedure skep vir die ter sydestelling van vonnisse wat nie eers in die gemenereg ‘n grondslag vind nie. Sien *De Wet and Others v Western Bank Ltd* 1977(4) SA 770(T) te 780H.

10. Ek is gedagtig daaraan dat die applikant sy skuld vereffen het en simpatiseer met die feit dat hy begerig is om sy besigheidsaktiwiteite normaal voort te sit sonder dat hy gekniehalter word deur die rekords van kredietburos en oënskynlik ook in staat daartoe is. Ook dat daar na aanleiding van die toestemming verleen geen benadeling sal wees vir die respondent nie. Die probleem wat die applikant nou ondervind is egter nie as gevolg van ‘n foutiewe of onbillike hofproses nie maar moet by die deur van die finansiële instansies gelê word waar die oplossing hieroor gevind moet word. Ek vereenselwig my met die menings gehuldig in *Saphula v Nedcor Bank Ltd* 1999(2) SA 76 (WLD) en *Lazarus v Nedcor Bank Ltd: Lazaras*

v Absa Bank Ltd 1992(2) SA 782 (WLD), waar soortgelyke aansoeke onder die soeklig gekom het, dat die Hof nie aandadig daartoe kan wees om 'n vonnis wat bo verdenking staan ter syde te stel en sodoende die indruk skep dat die vonnis verkeerdelik verkry is en die applikant 'n verweer het teen die aksie nie.

11. Ek stem saam dat die feit dat Landdroshofreël 49(5) daarvoor voorsiening maak dat 'n applikant met die skriftelike toestemming van die vonnisiskuldeiser 'n vonnis ter syde gestel kan kry 'n ongerymdheid skep in die sin dat die Landdroshof 'n wyer bevoegdheid het ten opsigte van die tersydestelling van vonnisse. In die afwesigheid van 'n soortgelyke bepaling in die Hooggeregshofreëls is ek egter nie van mening dat 'n aansoek om ter sydestelling van 'n vonnis slegs op die basis van die toestemming daartoe deur die vonnisiskuldeiser in hierdie Hof oorweeg kan word nie.

Die aansoek word van die hand gewys.

Nms. Applikant: Adv M H Wessels SC

i.o.v Duncan & Rothman